# Rondom Noordrand

***Elkeen vervul sy funksie om Noordrand as liggaam van Christus in liefde op te bou!***

## Gereformeerde Kerk Noordrand

**27 Februarie 2022**

---

### WELKOM BY ONS EREDIENS

**EREDIENSTYD: 9:00** **PREDIKER: ds Frederik Dreyer**

## Woordbediening

**Skrifgedeelte:** Jesaja 38 : 9-20
**Boodskap:** Het ons, het jy rede om die Here te loof?

## Eredienste : Noordrand YouTube kanaal

Ons gaan (DV) voort om ons eredienste op ons YouTube kanaal te stroom. Lidmate wat weens Covid-19 nie fisies hier kan wees nie, word uitgenooi om 09:00 in te skakel by ons erediens. Kliek op die skakel en kliek dan op die boonste video wat '*Live*' wys: https://www.youtube.com/channel/UCbrJPhe3i4a3YhViZXnzGxw.

## Kollektes

Die kerkraad het besluit dat ons naas ons kollekte vir die diakonie ook ons ander kollektes hervat – vandag vir die Streeksinode Sustentasiefonds. Beide kollektes sal by die deur opgeneem word.

## Bybelstudie

Ons vergader weer eerskomende Dinsdag om 10:00 in die saal. Alle lidmate is baie welkom.

## Meelewing

***Tee / koffie – kerksaal***

Na besinning het die kerkraad besluit ons hervat ons tee / koffie drink soos in die verlede. Vanaf 6 Maart drink ons elke Sondag (skoolvakansies en langnaweke uitgesluit) na die erediens tee / koffie in die kerksaal. Die saam kuier rondom `n koppie tee / koffie gee ons geleentheid vir gemeenskap van gelowiges. Kom ons gebruik die geleentheid om ons gemeente in liefde op te bou.

***Covid-19***

Ons kan die Here nie genoeg dank vir sy groot genade in hierdie tyd nie. Dank Here dat baie wat siek geword het, en ernstig siek geword het, gesond geword het. Dankie vir inentings. Ons het rede om U te loof!

Ons vertrou dat U in u groot genade spoedig `n einde sal bring aan die pandemie.

***Spesiale verjaardag***

Hartlik geluk aan Duborette Louw wat vandag haar 81ste verjaardag vier. Ons bid jou die seën van die Here toe.



**- VERJAARSDAE –**

**Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar:**



**28 Feb:** Duborette Louw; Chris van Zyl
**1 Mrt:** Gys Oosthuizen
**2 Mrt:** Hermanus Prinsloo; Morné Gierke;
**4 Mrt:** Gideon Conradie; Kyle Engelbrecht
**5 Mrt:** Renier van der Linden

Mag Goedheid en Guns julle altyd deur die lewe volg

## Teeskinkbeurte:

6 Mrt: Drienie Vorster; Ina vd Berg; Esthel Venter
13 Mrt: Gretha Dreyer, Christie Steyn; Lesley Stander

## WYSHEID UIT SPREUKE

Spreuke 22:1

'n Goeie naam is meer werd as groot rykdom, die goeie gesindheid van ander meer werd as silwer en goud.

## ADMINISTRASIE

**PREDIKANT**: Ds Frederik Dreyer - (e-pos: 333fmd@gmail.com):
**e-POS ADRES**: Noordrandgk@gmail.com;
**WEBADRES:** www.gk-noordrand.co.za
**KERK WHATSAPP NR:** 071 403 4104
**ADM BEAMPTE**: Jeanne Prinsloo
**KOSTER**: Sarel Breedt
**ORRELIS**: Vakant
**VOORSITTER BK.**: Oudl Herman Venter

## BYDRAES EN DONASIES

Lidmate kan bydraes of donasies op die volgende wyses gee:

- Kontant in koevertjies, elektroniese oorbetaling of met Snapscan

Snap here to pay
SnapScan

## *GEDAGTE VIR DIE DAG*

God se genade oor ons beteken nie dat jy nooit druk of spanning of pyn sal ervaar nie; wel dat dit jou nooit sal oorweldig ie. ***– Selwyn Hughes -***

***Hier is twee dinge wat God vir ewig onthou oor jou***

*Ekerk Goeie nuus – Stephan Joubert*

God onthou, maar Hy onthou nie alles oor ons nie. Dit het ons in verlede week se Goeie Nuus vir mekaar gesê. Met name kies Hy om nie daardie sondes te onthou wat in Jesus se Naam by Sy voete neergesit is nie. Maar dit beteken nie God is vergeetagtig wat ander dinge betref nie. Hy het ’n langtermyngeheue. Hy onthou alles, wat Hy wil onthou, vir ewig. In die Bybel leer ek dat daar ten minste twee dinge is wat God tot in ewigheid oor ons onthou. Die eerste ding is dat Hy vir altyd sal onthou om ons as Sy kinders styf vas te hou in Sy eie hand. Jesus sê in Johannes 10:28-30 dat Hyself vir al Sy skape die ewige lewe gee en dat niemand ons ooit uit Sy hand sal ruk nie. Dan voeg Hy by dat niemand ons ooit uit God se hand sal wegruk nie. God onthou ons nie net vir ewig nie - Hy hou ons ook vas vir ewig! Mooi, né!

Daar’s ’n tweede ding wat God nooit van ons sal vergeet nie. Hy onthou elke goeie daad, wat ons in Sy Naam doen. In Matteus 10:42 sê Jesus dat as ons vir een van Sy knegte ’n beker koue water gee, sal God dit onthou en dit terugbetaal. In Lukas 14:14 leer Jesus dieselfde. Hy sê hier dat as jy die armes, kreupeles, verlamdes en blindes uitnooi na ’n feesmaal, dan sal God dit vir altyd onthou. Hy sal mense wat dit doen, hiervoor eer op die laaste dag. Hy sal hulle oorspoel met Sy ewige goedheid. God het ’n langtermyngeheue vir daardie goeie dade, wat ons doen in Jesus se Naam. Elke beker koue water; elke daad van liefde, hoe klein ook al, word deur God raakgesien … en onthou! Doen dit. Dien ander mense. Dan is daar sommer baie dinge, waaroor die Here jou vir ewig sal onthou.